# H O O F S T U K IX.

## Apartheid as Beginsel in die Skoolopvoeding in Suid-Afrika, 1911 - 1948.

### 1. Kaapprovinsie.

#### (a) Gesamentlike en Soortgelyke Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Alhoewel daar openlik teen gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank opgetree is en die algemene beskouing sterk ten gunste van aparte skoolgeboue vir blank en nie-blank was, het hulle nogtans party skole gesamentlik bygewoon.

In die Kaapstadse distrik was daar teen die einde van 1912 nog 16 gemengde skole wat uit die volgende bestaan het:

3 Neutrale Openbare Skole, klas III.
9 Sendingskole.
2 Spesiale Inrigtings.
1 Aandskool.
1 Distrikskosskool. (1)

Een van die spesiale inrigtings het aan die Rooms-katolieke Kerk behoort. Die ander spesiale inrigting was 'n "Training College for Central Classes" met 124 blankes en 44 nie-blankes. Die nie-blankes kon nie die spesiale inrigtings van die vooraanstaandes bywoon nie en gevolglik is vir hulle voorsiening gemaak op die opleidingskool van die middelklas.

Gedurende dieselfde tyd was daar in die buitedistrikte 42 gemengde skole: 5 Neutrale Openbare Skole, 33 Sending-skole, 3 Armskole en 1 Distrikskosskool.

In die naturellegebiede was daar 11 gemengde naturelle-skole. In die Kaapprovinsie was daar dus aan die einde van 1912 nog 69 gemengde skole. (2)

---

(1) S.G.E. 15/4, 1912, The Education Gazette, No. 19, Vol. XII, Cape.

(2) Ibid.,

Aan die einde van die vierde kwartaal 1915 was daar nog 20 gemengde skole in die Kaapprovinsie. Die 20 gemengde skole het uit die volgende bestaan: 8 Sendingskole, 1 Neutrale Openbare Skool, klas I, en 2 klas III, 2 Spesiale inrigtings en 7 naturelleskole. Een van die spesiale inrigtings was die "Training College for Central Classes" met 205 blanke en 42 nie-blanke leerlinge. (1) Die Zonnebloem, 'n distrikskosskool vir nie-blankes in Kaapstad, wat die eerste kwartaal, 1915 nog 7 blanke skoliere gehad het, (2) het aan die einde van die vierde kwartaal net nie-blanke skoliere op die rol gehad. (3).

Gedurende die eerste kwartaal van 1919 was daar in die Kaapprovinsie nog 8 gemengde skole. 6 was Sendingskole, 1 'n spesiale inrigting vir doofstommes en 1 'n Neutrale Openbare Skool, klas III. (4) Op die 8 skole was 64 blanke en 469 nie-blanke skoliere. Behalwe die Rooms-katolieke skool op Pella waar daar 34 blankes en 51 nie-blankes was, en die doofstominrigting in Kaapstad met 15 blankes en 11 nie-blankes, was die blankes ver in die minderheid. 'n Uitsondering egter, was die skole vir blankes op Engcobo waar daar 2 nie-blankes teenoor die 18 blanke skoliere was. (5) Aan die einde van die vierde kwartaal 1919 was daar meerendeels die kinders van sendelinge op die 4 nog-bestaande gemengde skole. Op Lovedale was nog

(1) S.G.E. 15/7, The Education Gazette, No. 19, Vol.XX 23.2.1916.

(2) S.G.E. 15/7, The Education Gazette, No.27, Vol.XIV, 29.5.1915, Cape.

(3) S.G.E. 15/7, The Education Gazette, No. 19, Vol. XX, 23.2.1916. (Dit sal onthou word dat hierdie skool hom van die begin af beywer het vir gesamentlike opvoeding.)

(4) S.G.E. 15/11, The Education Gazette, No. 28, Vol. XVIII, 3.6.1919.

(5) Ibid.

1 blanke teenoor die 84 nie-blankes. (1)

Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank het in die Kaapprovinsie as gevolg van liberalistiese invloed oor die jare nie maklik uitgesterf nie. (Hier word nie gepraat van die ligter kleurlinge wat dikwels as blankes geklassifiseer is nie.) Bantoe, kleurling, Hindoe en Mohammedaan het saam met die blanke dieselfde skole bygewoon nieteenstaande aparte skole beskikbaar was. Eers in 1921 is dit deur die wet bepaal dat daar skeiding moet wees. (2)

Gesamentlike skoolopvoeding het ook gelyksoortige skoolopvoeding beteken, maar selfs toe aparte skoolgeboue gebruik is, is soortgelyke skoolopvoeding nog toegepas. In 1909 het die vier provinsies in die Unie van Suid-Afrika deur middel van die onderskeie Provinsiale Rade die wetgewende mag oor alle onderwys behalwe hoëronderwys verkry. (3) Gevolglik het die beheer van onderwys vir die blanke, Bantoe, kleurling en Asiaat by dieselfde liggame berus.

Eers in Mei 1919 is 'n Provinsiale Naturelle-onderwyskommissie aangestel om aangeleenthede in verband met die Bantoe se onderwys te ondersoek. (4) Op aanbevelings van genoemde Kommissie is in 1922 vir die Bantoe 'n primêre skoolkursus verskillend van die blanke s'n, aangeneem. (5)

Vanaf 1864 tot 1922 was die inhoud van die laerskool-leerplanne vir almal dieselfde, behalwe dat die

---

(1) S.G.E. 15/11, The Education Gazette, No. 24, Vol. XIX, 24.3.1920.

(2) Ordo. No. 5 van 1921, Art. 104, 114 en 327.

(3) Suid-Afrika Wet van 1909, Art.85 (111)

(4) Naturelle-onderwyskommissie, Kaapprovinsie, 1919. (C.P. 4-20)

(5) U.G. 29/1936, Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1935/36, 7.

leerstof vir bepaalde standerds van die nie-blanke skole beknopter was as vir blankes. (1)

Wat die kleurlinge betref, is op 6.12.1923 'n leerplan vir primêre kleurlingskole gepubliseer met die doel om 'n meer praktiese grondslag vir kleurlingonderwys daar te stel. Daar moes meer gekonsentreer word op handwerk. (2) In 1925 stel die Kaapse Provinsiale Administrasie egter 'n kommissie aan met die opdrag om ondersoek in te stel en aanbevelings te maak insake die beheer en organisasie van kleurlingskole; die opleiding van kleurlingonderwysers(esse); die doeltreffende uitvoering van die onderwys aan kleurlinge met die behoorlike oorweging van die industriële sy van die skoolwerk in alle soorte skole, en die wenslikheid van die leerplan. (3) Die kommissie het aanbeveel dat daar geen verandering in leerplanne vir kleurlingskole gemaak moet word nie. (4) As die bestaande leerplanne vir kleurlingskole en -opleidingskole met die vir blankes vergelyk word, is dit duidelik dat daar geen verskil is nie, behalwe dat eersgenoemde vereenvoudig is en meer aandag aan handwerk gegee moet word. (5)

Soortgelyke skoolopvoeding van blank en nie-blank was nog steeds van toepassing. Ook in geval van die Bantoe was Engels nog die belangrikste as vak en medium van onderrig, afgesien van die huistaal van die leerling. (6)

Hoewel verskillende pogings aangewend is om die skool-

---

(1) U.G. 29/1936, Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1935/26, 15.

(2) (a) Kaapse Onderwyskoerant, 6.12.1923.
(b) Onderwysverslag, Kaapprovinsie 1923-'24, 44.

(3) (K.P. 1-27) Verslag van Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1925/26, 2.

(4) Ibid., par. 17, 8.

(5) Opledingskursusse vir Kleurlingonderwysers, Dept. van Openbare Onderwys, Kaapprovinsie. (A. 326-372 (A.P.) Openbare Biblioteek, Kaapstad.)

(6) (K.P, 1-27) a.w., par. 37(1), 11.

opvoeding van die Bantoe en die kleurling te skei van die blanke s'n, is daar in werklikheid baie min vordering gemaak. Die gesamentlike beheer deur dieselfde onderwysdepartemente het daartoe bygedra dat die nie-blanke se onderwys nie selfstandig kon ontwikkel nie, maar ŉ aanhangsel van die blanke s'n geword het.

(b) <u>Vordering van Apartheidsbeginsel in die Skoolwese</u>.

Nieteenstaande die liberalisme ŉ groot houvas op die Kaapprovinsie gehad het en gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding ŉ soort van tradisie geword het, was die algemene houding van die blanke om apartheid deur te voer. Hy het geweier om saam met die nie-blanke in dieselfde gebou op dieselfde skoolbanke te sit. Die gevolg was dat nie-blanke kinders op sommige blanke skole prontweg geweier moes word, om sodoende die vrede te handhaaf. Pogings van nie-blankes om hulle kinders tot blanke skole toegelaat te kry, het dikwels onaangename gevolge in die howe gehad. Nie-blankes het dikwels hulle toevlug tot die howe geneem.

ŉ Interessante saak in hierdie verband, waarin nie slegs die houding van die blanke weerspieël word nie, maar ook die vordering wat apartheid in die skoolwese in die Kaapprovinsie gemaak het en die wyse waarop tussen blank en nie-blank onderskei is, was die saak van ŉ sekere Moller teen die Keimoesskoolkommissie wat geweier het om sy twee kinders toe te laat omdat hulle moeder van gemengde afkoms was, en blanke ouers beswaar teen hulle toelating gemaak het. Op 14 Desember 1911 het die Hooggeregshof uitspraak in hierdie verband gegee: "Lord de Villiers, delivering judgment, entirely agreed that it was part of the policy of the Cape School Board Act of 1905 to promote the establishment of separate undenominational schools for children of European parentage or extraction. The Act had been proclaimed in the Gordonia district, which

thereby fully adopted the principle of separation for purposes of education of white from other than white children. He was unable to ignore the universal meaning attached to the terms ,European descent'. Throughout South Africa white citizens of the United States who had never been in Europe would be regarded as European, while a black man born and bred in Europe would be regarded as other than European." Die Hoofregter wys verder daarop dat kleurverskille moeilikhede mag veroorsaak, maar as vasgestel kan word dat 'n persoon se naaste bloedverwante, manlik of vroulik, nie van blanke afkoms is nie, hy nie blank is nie. Hy wys ook daarop dat: „The vast majority of Europeans regarded the offspring of such unions (blank en gekleurd) as being in the same racial condition as their black parents. The prejudices never died out, and were not less deeply rooted at the present day among Europeans, whether of Dutch, English or French descent. We may not, from the philosophical or humanitarian point of view be able to approve of this prevalent sentiment, but we cannot as judges who are called upon to construe an Act of Parliament, ignore the reasons which must have induced the Legislature to adopt a policy of separate education for European and Non-European children. It is regrettable that there should be the social chasm between the races, but it undoubtedly exists, and it has had its effect on legislation throughout South Africa. ,European parentage or extraction' the Legislature meant unmixed European parentage or extraction, and he felt constrained to agree with them. It was fortunately unnecessary to decide how far back in a person's pedigree it would allow to go in order to decide whether his European extraction was unmixed. In no case was it the duty of the school committee to inquire into the descent of a child, if it was not abvious from the appearance of the child that he or she was of other than

European descent. In the present case there was not only the evidence that the children objected to were noticeably coloured, but the mother was admitted by the applicant to be a coloured woman. Under these circumstances the applicant's children could not be regarded as being of European extraction or descent." (1)

Hierdie uitspraak is een van die grootste vorderings wat tot dusver gemaak is met die toepassing van apartheid in die skoolwese. Dit gee die houding van die blanke ten opsigte van gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank onomwonde weer. Dit bevestig dat apartheid wetlik bepaal is. Dit het die bepaling van skeiding tussen blank en nie-blank aansienlik vergemaklik, en die ingewikkelde stelsel van kleurgradering wat die liberalis gewoonlik voorhou om apartheid as onmoontlik voor te stel, uit die weg geruim. Persone wat 'n opsigtelike voorkoms van blanke-nie-blanke vermenging toon en wie se naaste bloedverwante nie as blankes geklassifiseer kan word nie, hetsy enige van vaders- of moederskant, word geklassifiseer as nie-blankes. Hiermee word 'n duidelike skeidslyn gestel en die eindelose navorsing van geslagsregisters wat nie slegs uiters onaangename besonderhede aan die lig sal bring nie, maar apartheid op sodanige grondslag prakties onuitvoerbaar sal maak, uit die weg geruim. (2).

Omdat die Skoolraadwet nie in alle distrikte geproklameer is nie, het gesamentlike skoolopvoeding nog voorgekom, maar soos in paragraaf (a) aangetoon is, het dit teen die einde van die tweede dekade vinnig begin verminder.

---

(1) The Friend, 17.11.1911. (Die uitspraak is ook gekontroleer met "The South African Law Reports, Cape Province Division. Decisions of the Supreme Court of South Africa during 1911." Appèlhofbiblioteek, Bloemfontein)

(2) As skeiding op die grondslag van geslagsregisters moet gemaak word, sal baie vooraanstaande blankes as nie-blank geklassifiseer word.

Lovedale wat nog altyd 'n blanke-nie-blanke inrigting was, het aan die einde van die vierde kwartaal 1915 nog slegs 4 blanke studente gehad, terwyl die "Training College for Central Classes" alleenlik blanke studente op die rol gehad het. (1) Die vierde kwartaal 1917 word dit dan ook slegs die "Training College" genoem omdat dit nou 'n suiwer blanke inrigting geword het. (2)

In 1921 word Ordonnansie No. 5 van 1921 gepromulgeer om die kwessie van aparte skoolgeboue vir blank en nie-blank te finaliseer. (3) Die eerste stadium van die apartheids-ontwikkeling, naamlik aparte skoolgeboue is dus ook in die Kaapprovinsie bereik.

Op aanbeveling van die Naturelle-onderwyskommissie van die Kaapprovinsie, 1919, (4) is in 1922 'n primêre skoolkursus. verskillend van dié vir blankes, vir Bantoeskole opgestel. Voorsiening is gemaak vir verpligte moedertaalonderwys in alle primêre klasse. Verder moes waar moontlik, voorsiening gemaak word vir die onderrig in Gesondheidsleer, Naturellehandwerk, Tuinbou en elementêre Landbou vir seuns en eenvoudige Huisvlyt en Naaldwerk vir meisies. (5) Die inhoud van die leerplan en die moedertaalonderrig toon dat die Bantoe se onderwys as iets aparts van die blanke s'n begin beskou word. Maar dat dit nog slegs in die beginstadium verkeer het, blyk uit die feit, dat 'n offisiële taal die voertaal moes word sodra die leerlinge in staat was om voordeel

---

(1) (a) S.G.E. 15/7, The Education Gazette, No.19, Vol.XV
(b) S.G.E. 15/8, The Education Gazette, No.27, Vol.XV
(c) U.G. 17'19, Report of Under Secretary of Education, 55.

(2) S.G.E. 15/9, The Education Gazette, No. 22, Vol. XVII.

(3) Cape Province, Ord. No. 5 of 1921, Sec. 114.

(4) (C.P. 4-20) Verslag van Naturelle-onderwykommissie van die Kaapprovinsie, 35-37.(Voorgestelde leerplan)

(5) U.G. 29/1936, Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1935/36, 16.

uit die onderwys in daardie taal te trek. (1)

Om die gehalte van Bantoe-onderwysers te verbeter, is in 1922 ook voorsiening gemaak vir 'n driejarige Laer Primêre Onderwyserskursus na standerd VI, en 'n tweejarige Hoër Primêre Onderwyserskursus na standerd VIII. (2) Die Bantoe-onderwyser se opleiding is verbeter ten einde groter verantwoordelikheid aan hom toe te sê.

Waar die Bantoeskole vroeër direk onder beheer van die Onderwysdepartement was, is in 1922 'n hoofinspekteur vir Bantoe-onderwys aangestel, wat vanaf 1926 bygestaan is deur twee Bantoe-onderwysers, wat as Departementele besoekende beamptes opgetree het. (3) Alhoewel die beheer nog aan dieselfde departement as dié van blanke skole onderhewig was, is 'n begin gemaak met afsonderlike toesig.

In 1933 is die opleidingskursusse vir Bantoe-onderwysers verder gewysig. 'n Groot deel van die akademiese opleiding wat by die vorige kursus ingesluit was, is afgeskaf omdat dit nie van veel waarde vir die Bantoe was nie. (4)

Waar die Bantoe nog altyd 'n afkeer in landboukundige onderwys gehad het, (5) kon daar in 1934 in die Transkei van vordering op hierdie gebied gepraat word. Die drie landbouskole, Tsolo, Teko en Flagstaff, het elk aan 50 leerlinge na standerd VI 'n tweejarige opleidingskursus in die wetenskap en praktyk van veldwerk

---

(1) U.G. 29/36, Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1935/36, 16.

(2) Ibid., 17.

(3) Ibid., 17.

(4) Verslag van Sup.-generaal van Onderwys, Kaapprovinsie, 1933.

(5) Dodd, A.D., Native Vocational Training in the Cape Province, 29.

en veeteelt aangebied. (1) Wat meer is, die werksaamhede en verantwoordelikhede van die Algemene Raad van Transkei, het behalwe die skole ook demonstrasie- en propagandawerk in 26 distrikte verrig, en die uitgawes aan die hele onderneming verbonde, is gedek deur plaaslike belastings wat deur die Bantoe self betaal is. (2) Die Bantoe se belangstelling is nie slegs in die Landbou opgewek wat in sy allerbelangrikste behoeftes moet voorsien nie, maar die uitgawes wat deur homself gedek is, het verder bygedra tot sy selfstandige ontwikkeling. Dit is 'n vordering van groot belang in sy aparte ontwikkeling.

In 1932 bring die Ekonomiese Naturellekommissie sy verslag uit. Hierin word dit baie duidelik beklemtoon dat soortgelyke onderwys van blank en nie-blank nie die gewenste ding is nie. „Dit is egter nodig om daarop te wys dat daar vir die hergeboorte van 'n primitiewe volk opvoedkundige behoeftes is wat die gewone skoolonderwys voorafgaan. Die Europese skoolonderwys is gebasseer op 'n beskaafde omgewing; vir 'n groot gedeelte van die Naturellebevolking moet hierdie beskaafde omgewing nog geskep word. Dit is 'n opvoedkundige taak, maar dit is nie alleen die taak van die gewone skool nie, alhoewel die skool in sekere mate kan help om dit uit te voer." (3) Die Kommissie wys verder daarop dat die skoolopvoeding van die Bantoe opgebou moet word op die grondslae van die Bantoe-samelewing sodat die Bantoe trots kan word op sy eie volk en daar by hom 'n begeerte ingeboesem word om te ontwikkel wat goed is in sy eie instellinge. (4) Die Kommissie gee dus baie duidelik te kenne dat die Bantoe behoefte

(1) U.G. 29/1936, Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 18.

(2) U.G. 29/1936, a.w. 19.

(3) U.G. 22/1932, Verslag van Ekonomiese Naturellekommissie, par. 627.

(4) Ibid., 628.

het aan 'n onderwysstelsel apart en verskillend van die blanke s'n.

Die verslag van die Interdepartementele Komitee, 1936, benadruk dit ook dat daar geen skeiding tussen die skoolwerksaamhede en die lewenswerksaamhede moet wees nie, (1) met ander woorde die Bantoe se skoolopvoeding moet aansluit by sy agtergrond, en hierdie agtergrond is verskillend van die blanke s'n. Logieserwys moet eersgenoemde dus 'n skoolopvoeding verskillend van laasgenoemde ontvang. Ook is dit veral baie interessant dat die Interdepartementele Komitee daarop wys, dat die nywerheidsopleiding wat in die verlede vir die Bantoe aanbeveel is, nie baie geslaagd was nie. Die proefnemings het nog deurgaans misluk. (2) Die nywerheidsopleiding wat geheelen-al op die lees van blanke nywerheidsopleiding geskoei was, moes dien om 'n verskil tussen blanke en nie-blanke skoolopvoeding te maak, terwyl dit op die keper beskou niks anders as 'n spesifieke rigting in die onderwysstelsel van die blanke was nie. Met ander woorde, die nieblanke se skoolopvoeding was 'n kombinasie van twee spesifieke rigtings in die blanke se skoolopvoeding, die akademiese en die tegniese, en in die breë sin dus glad nie verskillend van die blanke se opleiding nie. Die feit dat hierdie ongerymdheid deur die genoemde komitee ingesien en besef is, is reeds 'n groot vordering in in die rigting van aparte skoolopvoeding van blank en nie-blank. Dit het onderwysowerhede laat besef dat die skoolopvoeding van die Bantoe nie net 'n kombinasie van 'n gedeelte van die akademiese leerplan van die blanke en 'n te groot dosis van blanke nywerheidsopvoeding is nie. Dit op sigself is reeds 'n groot vordering in die rigting van aparte skoolopvoeding van blank en nie-blank.

---

(1) U.G. 29/1936, Interdepartementele Komitee insake Naturelleonderwys, 115.

(2) U.G. 29/1936, a.w., par. 581, 123.

Met die oorlog van 1939 tot 1945 is daar nie verdere vordering met aparte skoolopvoeding van Bantoe en blanke gemaak nie. Gedurende die oorlog het ander probleme die aandag geëis, en na die oorlog het die liberalistiese denkrigting die apartheidsgedagte ontmoedig. Die gevolg was dat die periode 1945 tot 1948 meer 'n saak van afwagting was, en die periode 1949 tot 1952 die voorbereiding vir 'n nuwe fase.

Wat die kleurling betref, moet onthou word dat hy baie nader aan die blanke staan as die Bantoe. Dit is gevolglik 'n baie moeiliker saak om onderskeid tussen hom en die blanke te maak, as tussen laasgenoemde en die Bantoe, nieteenstaande beide as nie-blankes geklassifiseer word.

Soos reeds daarop gewys het Ordonnansie No. 5 van 1921 aparte skoolgeboue vir blank en nie-blank, die kleurling by die nie-blankes ingeslote, gefinaliseer. Die apartheidsbegrip strek egter baie verder en dieper as afsonderlike skoolgeboue vir blank en nie-blank.

In 1925 is 'n Provinsiale Kommissie insake Kleurlingonderwys aangestel. Alhoewel die Kommissie aanbeveel het dat geen verandering in die leerplanne van kleurlingskole gemaak moet word nie, (1) is nogtans aanbeveel: „dat leerlinge uitsluitend deur middel van hulle huistaal onderwys behoort te word totdat, as gevolg van sistematiese mondelinge oefening, hulle voldoende kennis van die tweede taal verkry het om voordeel daaruit as voertaal te trek; en dat daarna die tweede taal meer en meer as voertaal gebruik behoort te word." (2) Die feit dat die belangrikheid van die moedertaal toegeneem het, is 'n vordering in die rigting van apartheid.

---

(1) (K.P. 1-27) Verslag van Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1925/26, par. 17,8.

(2) (K.P. 1-27) a.w., 11.

Vir die res van die periode onder bespreking is daar egter nie veel vordering gemaak nie. Die skoolopvoeding was 'n navolging van die blanke s'n, behalwe dat meer klem op handewerk gelê is.

In 1945 word voorsiening gemaak dat kleurlingonderwyskomitees die administrasie van distrikte kan waarneem waar die skoolrade nie bereid is om dit te doen nie.(1) 'n Mate van selfbeheer is dus uiteindelik in die kleurlinge se hande geplaas.

Behalwe aparte skoolgeboue vir blanke en kleurlinge en dat die kleurlingonderwysers mettertyd alhoemeer poste op kleurlingskole gevul het, het aparte skoolopvoeding in die Kaapprovinsie tot 1952 baie min gevorder.

## 2. Natal.

### (a) Soortgelyke Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Nieteenstaande daar in 1910 twee addisionele inspekteurs uitsluitlik vir Bantoe-onderwys aangestel is, was die vordering van 'n afsonderlike onderwysstelsel vir die Bantoe nog besonder stadig. Behalwe die aanmoediging in handewerk was die verskil in beide die laer- en hoër-skole in vergelyking met die blanke s'n uiters gering. Die moedertaal, Soeloe, is baie verwaarloos. Engels was nog die belangrikste as vak en medium van die onderrig. Geskiedenis en aardrykskunde wat streng volgens die leergange vir blankes opgestel is, is so swak onderrig, dat die hoofinspekteur, C.T. Loram, dit as tydmors beskou het. (2) Hierdie toestand het bly voort bestaan tot in die begin 1952. Byna in elke jaarverslag oor die onderwys word daarop gewys dat die moedertaal verwaarloos word. M. Pozesky wys daarop dat die toestand baie ernstig is, en beweer: If we want Natives to develop their national traits we must do this through the medium of

---

(1) Onderwysverslag, Kaapprovinsie, 1941-1945, 45.

(2) Report of Superintendent of Education, Natal, 1918, 3.

the study of their own language". (1)

Die kleurling wat nog groter ooreenkoms met die blanke toon as die Bantoe, het nog meer daarop aangedring, dat hy dieselfde onderwys as die blanke moet geniet. Soos in die ander provinsies was die leerplanne vir kleurlingskole presies dieselfde as vir blankes. (2)

Tot 1933 was die personeel op kleurlingskole nog uitsluitlik blankes, (3) en in 1936 was van die 128 onderwysers nog slegs 35 kleurlinge. (4) In 1938 rapporteer die Superintendent van Onderwys dat dit nog baie lank sal duur alvorens al die blankes op kleurlingskole deur kleurlingonderwysers vervang sal kan word. (5) Daar is eers in 1934 'n opleidingskool vir kleurlingonderwysers in Durban opgerig en in 1937 een in Pietermaritzburg. (6)

Die Indiër het ook presies dieselfde leerplan as die blanke gevolg. (7) Ook is daar vir die hele periode onder bespreking gebruik gemaak van blanke onderwysers om die Indiëronderwyser by te staan. (8) Dit was eers in 1924 dat die Provinsiale Raad beswaar gemaak het dat blanke vroue op Indiërskole moet onderwys gee. (9) Dit was ook eers vanaf 1952 dat die Sastri-kollege 'n Indiërhoof gekry het. Voorheen het 'n blanke aan die

---

(1) Report of Sup. of Education, 1929, 66.

(2) Report of Sup. of Education, 1928, 14.

(3) Report of Sup. of Education, 1933, 19.

(4) Report of Sup. of Education, 1936, 13.

(5) Report of Sup. of Education, 1938, 29.

(6) Report of Sup. of Education, 1937, 13.

(7) (a) N.P. No. 60, 1937, Report of Education Commission, par. 454. (S. Arg. Pt.)
(b) Report of Sup. of Ed. 1938/39, 14.

(8) In 1952 was daar nog 75 blanke onderwysers op Indiërskole. (Onderwysstatistieke, Natal, 1952)

(9) Minutes, Provincial Council, Natal, 8th June, 1924, 109.

hoof gestaan, bygestaan deur 'n blanke visehoof.

Die enigste vordering wat op die gebied van aparte skoolopvoeding gemaak is, is dat vanaf 1910 blank en nie-blank nie meer dieselfde skole bygewoon het nie en dat die kleurlinge wat nie die blanke skole mag bygewoon het, nie, hulle eie skole gekry het.

(b) <u>Pogings om Aparte Skoolopvoeding aan Nie-blankes te verskaf.</u>

In Natal het die besef reeds baie vroeg in die Geskiedenis van die blanke aldaar begin posvat dat die Bantoe 'n aparte skoolopvoeding van die blanke moet geniet. Verskeie kommissies is aangestel om die aangeleentheid van Bantoe-onderwys te ondersoek. So is daar in 1909 'n Onderwyskommissie aangestel wat ook die kwessie van Bantoe-onderwys moes ondersoek. Die vraag het by genoemde Kommissie ontstaan of naturellekinders tans op skool, en waarvan die getalle mettertyd gedurig sal aangroei, die regte skoolopvoeding ontvang wat hulle in staat sal stel om dié plek wat hulle in die sosio-ekonomiese lewe toegeken is, te kan volstaan. Die swak vordering van die Bantoe op skool en sy moeilikheid met die aanleer van Engels, het die Kommissie laat besluit dat landboukundige en nywerheidsopleiding en moedertaalonderwys die gebreke in die leerplan sal verwyder. (1)

In 1910 is daar 2 addisionele inspekteurs aangestel wat hulle uitsluitlik met Bantoe-onderwys moes besig hou. Bantoe-onderwys het dus aparte inspeksietoesig van blanke onderwys, begin geniet. (2) Hierdie maatreël is verder uitgebrei toe dr. C.T. Loram as hoofinspekteur van Bantoe-onderwys aangestel is, asook nog 4 addisionele inspekteurs om hom behulpsaam te wees. (3)

---

(1) Natal: Report of Education Commission, 1909, 11.

(2) U.G. 29/36: Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1935/36, 23.

(3) Report of Supt. of Education, Natal, 1918, 3.

Onmiddellik is daar ook veranderings in die leerplanne vir Bantoelaerskole aangebring. Vakke van meer praktiese en bewysbare waarde soos Fisiologie, Higiëne en Natuurkennis is ingesluit. Verder is klem gelê op vakke soos Landbou, Houtwerk, Naaldwerk en Huishoudkunde. Bybelse Geskiedenis wat die belangrikste rol in die etiese vorming van die mens speel, moes beter onderrig word en meer aandag geniet. Die moedertaal wat baie verwaarloos is, moes as spesiale vak by die kursusse op opleidingskolleges en vakskole ingesluit word. Die kursusse in Geskiedenis en Aardrykskunde wat tot dusver vreemd aan die Bantoe was, moes so gewysig word, dat dit die feite van sy omgewing interpreteer. (1)

In die daaropvolgende jaar word weer klem op die onderrig van die moedertaal gelê. (2) In 1935 is die moedertaal tot standerd IV as die verpligte medium van onderrig gemaak. (3) Dit het egter nog altyd 'n probleem gebly om die waarde van sy moedertaal by die Bantoe tuis te bring. Onderwys deur medium van sy moedertaal het vir die Bantoe 'n verlaging van sy skoolopleiding beteken. Dit het hom verhoed om gou 'n kennis van Engels op te doen, wat vir hom van ekonomiese waarde was. (4) Die gevolg was dat die onderwysers hulle moedertaal baie verwaarloos het en ook meer aandag aan Engels gegee het. Hierdie toestand het aan die einde van die periode nog steeds geheers, maar in die tussentyd het die Bantoe se houding teenoor sy moedertaal stadig begin verbeter.

Die kleurling wat voor die aanvang van hierdie periode nog op een of ander wyse toegang tot die skole van blankes verkry het, het in 1913 reeds 12 afsonderlike skole.

---

(1) Report of Sup. of Education, Natal, 1918, 46-47.

(2) Report of Supt. of Education, Natal, 1919, 34.

(3) Report of Supt. of Education, Natal, 1935, 69.
(Report on Native Education by A.C. Spargo.)

(4) Report of Director of Education, 1940, 13.

gehad. (1) In die begin was die personeel van hierdie skole almal blankes, maar in 1936 was 35 van die 128 onderwysers op Kleurlingskole reeds Kleurlinge, (2) en in 1937 was daar ook twee opleidingskole vir Kleurlingonderwysers, een in Durban en een in Pietermaritzburg. (3) Hoewel daar tot aan die einde van hierdie periode nog blanke onderwysers op Kleurlingskole was, het die Kleurlinge met verloop van tyd die meeste vakante blanke poste gevul.

Wat die Indiërskole betref, was die probleem, soos in die geval van die Kleurlingskole, om genoegsame onderwysers van hulle eie ras te bekom. In 1934 was daar van die 541 onderwysers op Indiërskole nog 48 blankes, (4) en in 1935 was 9.9 persent van die onderwysers nog blank. (5) Die afname was egter baie vinniger as in die geval van die Kleurlinge. Die Indiër was begeriger om sy eie onderwysers te kry. Aan die ander kant was die Natalse Provinsiale Raad, veral sover dit blanke dames aangegaan het, nie baie begerig dat hulle vir Indiërs moet skoolhou nie.(6) In 1929 is die wat aan die „Carlisle Street Indian School" werksaam was, oorgeplaas na blanke skole. (7)

Apartheid as beginsel, het dus slegs sover gevorder dat Kleurlinge en Indiërs aparte skoolgeboue bekom het, en dat hulle, waar moontlik, van die dienste van hulle eie onderwysers gebruik gemaak het.

---

(1) Report of Supt. of Education, Natal, 1913, 13.

(2) Report of Supt. of Education, Natal 1936, 13.

(3) Report of Supt. of Education, Natal, 1937, 13.

(4) Report of Supt. of Education, Natal, 1934, 19.

(5) Report of Supt. of Education, Natal, 1935, 17.

(6) Minutes Provincial Council, Natal, [illegible] 27 8th June, 1924, 109.

(7) Minutes Provincial Council, Natal, 22nd March, 1927.

## 3. Vrystaat.

### (a) Soortgelyke Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Reeds in 1910 maak ds. W.G. Viljoen melding van die aanstelling van 'n inspekteur vir naturelle-onderwys. (1) Dit was egter nie voor April 1924 dat so 'n inspekteur die pos van Organiserende Inspekteur vir Naturelle-onderwys aanvaar het nie. (2).

Watter toestand daar in die tussentyd geheers het, is te begrype. In sy eerste jaarverslag gee die Organiserende Inspekteur 'n duidelike beeld van wat gaande was. Hy wys daarop dat daar net soveel leerplanne as skole is. Hoewel die onderwysers oënskynlik die kodes wat vir blanke en nie-blanke skole in die Vrystaat of ander provinsies voorgeskryf is, volg, laat hulle in werklikheid alles weg wat tot hulle ongerief kan wees. (3). Daar is baie nadruk gelê op Engels terwyl die moedertaal, Afrikaans, Bybelse Geskiedenis en Gesondheidsleer verwaarloos is. (4).

In Oktober 1924 is die eerste amptelike leerplan vir laer primêre naturelleskole uitgegee, en in 1925 is die leerplan vir hoër primêre klasse, wat standerds V en VI ingesluit het, bygevoeg. (5) Die leerplan het die volgende ingesluit:

(i) Godsdiens en sedelike onderrig.

(ii) 'n Naturelletaal uit een van die volgende: Soeloe, Xosa, Tswana of Suidelike Sotho. Waar sommige naturellegemeenskappe Afrikaanssprekend was, moes Afrikaans in die plek van 'n naturelletaal geneem word.

---

(1) U.G. 29/36. Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1938/36, 32.

(2) Ibid., 33.

(3) O.V.S. Onderwysverslag, 1924, 61.

(4) Ibid., 61.

(5) U.G. 29/1936: a.w., 34.

(iii) Albei die amptelike tale.

(iv) Opleiding in handwerk en nywerheid, wat naturelle-- of ander handwerkvakke vir alle leerlinge ingesluit het; tuinbou en elementêre landbou was gewoonlik net vir seuns en naaldwerk en kunsvlyt vir meisies.

(v) Rekenkunde.

(vi) Aardrykskunde.

(vii) Natuurstudie.

(viii) Geskiedenis.

(ix) Gesondheidsleer, en in standerd V en VI word fisiologie bygevoeg.

(x) Musiek.

(xi) Dril en spele. (1)

Op die oog af lyk dit of hierdie leerplan nogal taamlik goed aanpas by die naturel se agtergrond, maar as gevolg van onopgeleide onderwysers het die metode van onderwys nie slegs baie te wense oorgelaat nie, maar omdat die onderwysers van mening was dat die moedertaal nie nodig is nie, en hulle nie Afrikaans kon onderrig nie, is hierdie twee vakke baie verwaarloos. (2)

Die verwaarlosing van sy moedertaal ten gunste van 'n vreemde taal soos Engels, toon dat die naturel 'n soortgelyke skoolopvoeding as die blanke wou hê. In byna al die onderwysverslae word gekla oor die verwaarlosing van Bybelse Geskiedenis, Sedeleer, Geskiedenis en die moedertaal. Die naturel wou nie slegs soortgelyke onderwys met die blanke hê nie, maar ook grotendeels slegs dié deel wat hom tot ekonomiese voordeel mag strek. „Hulle is geneig om die onderwys te beskou as 'n ding, bestemd om hulle iets te leer wat in geldelike voordeel kan omgesit word. In die praktyk veronderstel dit om die Witman se taal te lees en te skryf. Daarom, so redeneer hy, moet onderwys hiermee begin in plaas van tyd te mors met

---

(1) U.G. 29/1936., a.w., 40.

(2) O.V.S., Onderwysverslag, 1926. (Verslag van Organiserende Inspekteur van Naturelle-onderwys, 67.

die eie taal." (1) Hy wil ook dieselfde eksamens as die blanke skryf om hom beter te kan inpas by die blanke se ekonomie. Dieselfde eksamens beteken dieselfde inhoud, en dus geen aparte of verskillende leerplanne nie. (2)

Wat soortgelyke skoolopvoeding verder bevorder het, was die feit dat die Provinsiale Rade van al vier die provinsies onwillig was om naturelle-onderwys aan die Unie-regering oor te dra. Daar is van die standpunt uitgegaan dat onderwys van blank en nie-blank fundamenteel dieselfde is en dat provinsiale beheer dus beter is as afsonderlike beheer onder naturellesake. (3) Die gevolg was dat aan die einde van 1952, nieteenstaande pogings om die Bantoe 'n onderwysstelsel te gee wat aanpas by sy agtergrond, hy nog soortelyke skoolopvoeding met die blanke geniet het.

Die kleurling is in die Vrystaat saam met die Bantoe onder die benaming „Kleurling" geklassifiseer. Dit is om hierdie rede dat in die leerplan van 1924 melding gemaak word van naturellegemeenskappe wat Afrikaanssprekend is. Kleurlingonderwys is ook deur die inspekteur van naturelle-onderwys behartig, en alhoewel daar aparte skole vir kleurlinge was, het baie van hulle nogtans van naturelleskole gebruik gemaak. (4)

Hulle het dus in baie opsigte dieselfde leerplan as die Bantoe gevolg, en gevolglik ook 'n ooreenstemmende onderwys met dié van die blanke ontvang. Die hoofinspekteur van naturelle- en kleurlingskole het daarop aangedring dat kleurlinge na hulle eie skole moet gaan, aangesien

---

(1) U.G. 22/1932, Verslag van die Ekonomiese Naturelle-kommissie, par. 612, 97.

(2) U.G. 29/1936, a.w., par. 501, 104.

(3) O.V.S., Verslag Dept. van Onderwys, 1 Jan. 1941 tot 31 Des. 1945, 230.

(4) O.V.S., Verslag van Dept. van Onderwys, 1930, 90.

hullè huistaal Afrikaans is. (1) Dit is dus vanselfsprekend dat hulle onderwys groter ooreenstemming met dié van die blanke moet toon as die Bantoe s'n. Soos in al die ander provinsies, was die kleurling se onderwys in die Vrystaat dan ook soortgelyk as dié van die blanke.

(b) Pogings om Aparte Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank te bevorder.

Die Vrystaat was nie baie ten gunste van skoolopvoeding aan nie-blankes nie, tensy hulle self die uitgawe daaraan verbonde wou dra. Die standpunt is gehuldig dat die nie-blanke selfstandig moet wees en nie geld uit die blanke belastingbetaler se sak moet jaag nie. Dat die gedagte van aparte onderwys baie algemeen was, blyk uit die feit dat reeds in 1910 'n voorstel ingedien is dat die nie-blanke se onderwys onder aparte inspeksiebeheer moet staan.

Die eerste leerplanne wat in 1924 vir die Bantoe opgestel is, het onder andere ten doel gehad die bevordering van sy eie nywerheidsvakke of soos dit genoem is, naturellehandwerkvakke. , (2) en alhoewel glad nie na wense nie, wys die hoofinspekteur daarop dat die standaard van die moedertaal op die skole al baie verbeter het. (3)

Vanaf 1937 moes die vraestelle vir standerd VI in al die tale wat hoofsaaklik in die Vrystaat gepraat word,. opgestel word. Die Bantoe is dus toegelaat om die vraestelle in sy taal te beantwoord. (4) Hierdie verbetering is te danke aan die verpligting wat in 1928 op die onderwys gelê is, naamlik om alle leerlinge tot standerd IV

---

(1) U.G. 29/1936., a.w., 32.

(2) Leerplan vir Naturelle-laer en hoër primêre skole, 1924.

(3) O.V.S., Verslag van Onderwysdepartement, 1937, 136.

(4) Ibid., 136.

deur medium van die moedertaal te onderwys. (1) Om hierdie rede is kleurlingkinders wie se moedertaal Afrikaans was, versoek om nie langer naturelleskole by te woon nie. (2)

## 4. Transvaal.

### (a) Soortgelyke Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

In die Transvaal is reeds kort na die Engelse oorlog begin om die onderwys van die naturel te organiseer. Die eerste leerplan is reeds van die begin af deur die Afrikaanse Kerke en die Duitse Sendinggenootskappe gekritiseer omdat 'n Bantoetaal as vak en onderwysmedium uitgeskakel is. (3)

In 1910 vra die Provinsiale Raad 'n hersiening van die leerplanne vir naturelleskole. Dit versoek dat 'n kode opgestel moet word wat nie op dié van die blanke gebaseer is nie. 'n Nuwe kode is deur 'n spesiale kommissie opgestel, wat in 1915 in werking getree het. (4) Hierdie kode het nie veel van die vorige leerplan verskil nie. Iemand het die opmerking gemaak: „The course had been stripped of certain portions which previously had been taken over from the code of the European schools. But the spirit of the code was based upon principles of education as carried out in Great Britain at that time."

In hoofstuk XI van die Onderwyswet van 1917, artikel 110, volg die bepalings vir die onderwys van Naturelle, waar die kwessie van aparte skoolgeboue bespreek word, maar daar word geen beginselverskil gemaak tussen die skoolopvoeding van die naturel en die blanke nie. (5)

---

(1) O.V.S., Onderwysverslag, 1928, 76.

(2) O.V.S., Onderwysverslag, 1931, 83.

(3) T.E.&D., Report, 1903, 63.

(4) Ord. No. 3 van 1915, Leerplanne vir Naturelleskole.

(5) Handboek van Onderwyswette, 1929, Hoofstuk XI, art. 110 (Sien ook Hoofstuk V artt. 28 en 29.) TRA. 370.9682, Naslaan Biblioteek, J.H.Burg.

Om seker te wees dat hy dieselfde skoolopvoeding as die blanke kry, het die naturel in 1919 begin agiteer vir openbare vry skole onder toesig van die staat. (1)

In 1928 is 'n hersiene kode uitgegee en in 1938 is die kode weer hersien. In laasgenoemde kode word daarop gewys dat die naturelle-onderwys nog steeds te veel aandag gee aan die Europese beskawing in plaas van die kind 'n volle begrip van sy eie sosiale erfenis te gee. (2)

Die opleiding van naturelle-onderwysers het nog ooreengestem met dié van die blankes, behalwe dat dit van 'n baie swakker standaard was en die uitslae gewoonlik baie teleurstellend. (3)

Op sommige van die naturelle-skole was ook nog blanke onderwysers. (4) „Te dikwels is onderwys aan die Bantoe gegee bloot omdat dit in 'n sekere vorm aan die blanke gegee is en nie noodwendig omdat dit by die behoefte van die Bantoe aanpas nie." (5)

Op die kleurlingskole is presies dieselfde leerplanne gevolg as op die blanke skole. Ook het die personeel uit kleurling- sowel as blanke onderwysers bestaan. Die Direkteur van Onderwys, John E. Adamson het verkies dat blankes in bevel van groter kleurlingskole moet wees, en dat hulle sy-aan-sy met die kleurlingonderwyser moet werk, hulle moes dien as sendelinge op die kleurlingskole.(6)

---

(1) T.P. 5. 1920, Transvaal Onderwysverslag 1919, 37. Ook verslag 1920, 203.

(2) T.E.D. 330, Courses of Training and Instruction to be followed in Native School, 1938, 3.

(3) T.P. 1-1947, Onderwysverslag, 1943, 15.

(4) T.P. 1-1948, Onderwysverslag, 1944, 14. (Van die 4116 onderwysers was 110 blank.)

(5) U.G. 53/1951: Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie, 1949/1951, par. 553, 107.

(6) Verslag van Transvaalse Onderwysdepartement 1917, 78.

In 1920 was daar 60 blanke onderwysers teenoor die 72 kleurlingonderwysers, (1) en alhoewel die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Raad in 1923 besluit het dat die poste wat blankes op kleurlingskole hou, by ontruiming deur kleurlinge gevul moet word, (2) was daar in 1939 nog 64 blanke onderwysers teenoor 215 kleurlingonderwysers. (3)

Nieteenstaande kleurlingonderwysers beswaar aangeteken het dat blankes hulle plekke op kleurlingskole inneem, en dat blanke onderwysers nie die kleurlingkind so goed as die kleurlingonderwyser verstaan nie, en ook dat die blanke in hulle pad tot bevordering staan, (4) moet dit nie as 'n gebaar in die rigting van apartheid beskou word nie. Laasgenoemde, die kwessie van bevordering, was die hoofrede vir hulle beswaar, want in die tussentyd wou hulle presies dieselfde skoolopvoeding as die blanke gehad het, en het baie kleurlingouers nog gepoog om hulle kinders tot blanke skole toegelaat te kry. (5)

Die Indiëronderwys het presies dieselfde patroon gevolg. (6) Al verandering wat plaasgevind het, is dat die Indiërs wat vroeër kleurlingskole moes bywoon, hulle eie skole gekry het. (7)

Daar is wel voorsiening gemaak vir aparte skoolgeboue vir die verskillende rasse, maar met aparte leerplanne was die vordering nog gering.

---

(1) Verslag van Transvaalse Onderwysdepartement 1917, 78.

(2) T.P. No. 5-1939: Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, par. 834.

(3) T.P. No. 5-1939: Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, par. 834.

(4) Transvaal Educational News, Vol. XXXVI, No. 12, Dec. 1940, 13.

(5) T.P. No. 1-46, Onderwysverslag, Transvaal, 1941.

(6) Transvaal: Onderwysverslag, 1920, 65.

(7) Transvaal: Onderwysverslae, 1923, 39; 1925, 36; 1928, 10 en T.P. No. 5-1939: Verslag van Onderwyskommissie, 1939, par. 828.

(b) Pogings om Aparte Skoolopvoeding te implementeer.

Soos daarop gewys, is aparte skole vir blank en nie-blank reeds voor die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, in die Onderwyswet van 1907 vir die Transvaal vasgelê.

In 1912 is 'n spesiale Kommissie aangestel om die kwessie van leerplanne vir naturelleskole na te gaan. Die doel was om 'n leerplan op te stel wat nie op die blanke s'n gebasseer sou wees nie. Afgesien van die ooreenkoms wat die nuwe leerplan met die blanke s'n getoon het, was dit nietemin 'n poging om die naturel 'n opleiding te gee wat in 'n groter mate in sy behoeftes sou voorsien, (1) en deur gebruik van sy moedertaal 'n geskikter metode van onderwys te verskaf. (2). Die hele skema sou in 1917 in volle werking wees. (3)

Die Direkteur van Onderwys was dan ook van mening dat hierdie leerplan in die moontlikhede, behoeftes en strewe van die naturel sover moontlik sou voorsien. "The mistake of modelling his education on that of the European seems to have been too frequently made. Of course, the systems must have points in common, but the sound method is unquestionably to treat the education of the native as a separate and distinct problem, rather than to attempt to solve it by considering how the European has been treated." (4) Die gedagte van 'n aparte skoolopvoeding vir die naturel word dus onomwonde verklaar.

In 1919 is daar drie inspekteurs in die persone van N.O. Achterberg, J.C. Johns en R.W. Swarbeck, spesiaal vir naturelle-onderwys benoem. (5).

---

(1) T.P. 2-1913, Transvaalse Onderwysverslag, 1912, 92-93.
(2) T.P. 4-1916, Transvaalse Onderwysverslag, 1915, 43-46.
(3) T.P. 1-1917, Transvaalse Onderwysverslag, 1916, 55.
(4) U.G.11-114, Report of Transvaal Director of Education, 105
(5) T.P. 5-20, Transvaalse Onderwysverslag, 1919, 38.

Die idee van aparte toesig en beheer het vinnig begin posvat.

Die Onderwyskommissie van 1919 wys ook daarop dat onderwysers dieselfde gevoel en tradisies van die ouers behoort te hê, en waar moontlik behoort daar aparte skole te wees. (1) Om die naturelle-onderwys te bevorder is in 1924 'n Spesiale Raad vir die doel benoem. Genoemde Raad, die Raad vir Naturelle-onderwys, moes aanbevelings by die Provinsiale Raad maak in verband met sake rakende naturelle-onderwys. Dit was om te verhoed dat 'n onderwysbeleid gevolg word wat moontlik in botsing met die naturelle-onderwysontwikkeling sou wees.

In 1926 is naturelle-opsigters aangestel om toesig oor die skole te hou. In 1936 was daar reeds 15 sodanige opsigters en die blanke inspeksiepersoneel het uitgebrei tot 7. (2) Alhoewel naturelle-onderwys nog onder die Provinsiale Raad as hoogste gesag en die Direkteur van Onderwys as onmiddellike hoof, geressorteer het, en vir administrasie en finansiëring ook nog van die Departement van Naturellesake afhanklik was, was 'n aparte inspeksiestelsel onder 'n aparte inspeksiepersoneel besig om te ontwikkel. (Die nadele van verdeelde beheer word later bespreek.)

Dat die owerheid nie tevrede was met die onderwys van die naturel nie, blyk uit die feit dat 'n Interdepartementele Komitee in 1936 aangestel is om die aangeleentheid weer te ondersoek. (3) Die Komitee wys daarop dat die Ekonomiese Naturellekommissie 1930-1932, reeds aanbeveel het, dat met die oog op die besondere aard van natu-

(1) T.P. 1-1920, Verslag van Transvaalse Onderwyskommissie, parr. 128-130, 24-25.

(2) Coetzee, J. Chris., Onderwys in Transvaal, 1838-1937, 203.

(3) Die Interdepartementele Kommissie insake Naturelle-onderwys. 1935-1936.

relle-onderwys, dit onder die sentrale gesag van die Unie-regering geplaas behoort te word. (1) Ook, dat daar nasionale vraagstukke in verband met naturelle-onderwys bestaan wat op nasionale basis behandel moet word. (2) Verder wys die Komitee daarop dat die naturel die regte houding teenoor sy moedertaal begin ontwikkel en dat 'n naturelletaal as 'n belangrike studievak in die naturelleskoolkursusse van al die Provinsies opgeneem word.(3) In sy jaarverslag van 1937 wys die hoofinspekteur ook daarop dat dit die Departement se beleid sal wees om volle gebruik van naturellekinders se huistaal en hulle skoolopvoeding te maak.

In 1938 is daar ook nuwe hersiene leerplanne vir naturelleskole in Transvaal uitgegee. (4) Die leerplan in die primêre skool word meer breedvoerig uiteengesit asook die doel met die onderwys van elke vak. Die doel van die primêre skool en die plek wat dit in die naturellesamelewing moet inneem, word baie duidelik in die volgende woorde gestel. „The primary school is, therefore, an institution which has as its aim the education of the children to the cultural level of their own society and their intellectual preparation for further development." (5) Die skool moet 'n integrale deel van die samelewing wees, die kind moet leer om sy ouers en die instellings van sy mense te respekteer. (6)

---

(1) U.G. 29/36: Verslag van Interdepartementele Komitee insake Naturelle-onderwys, 1935/36, 5.

(2) U.G. 29/1936: a.w., par. 289, 60.

(3) Ibid., par. 418, 85.

(4) T.E.D. 330, Courses of Training and Instruction to be followed in Native Schools, 1938.

(5) T.E.D. 330, 1938, 3.

(6) Ibid., 4.

Die ideale en doelstellings in verband met naturelle-onderwys is egter net gedeeltelik bereik. Aan die einde van 1948, het apartheid as beginsel in die skoolopvoeding, nieteenstaande verskeie pogings, slegs 'n gedeeltelike vordering getoon. (Waarom hierdie vordering nie beter was nie, word later aangedui.)

Wat die kleurling betref, sy toelating tot blanke skole is reeds ook belet voor die aanvang van hierdie periode. Alhoewel hy nog dikwels gepoog het om toelating tot blanke skole te kry, (1) het die probleem mettertyd van minder belang geword.

Geleidelik is blanke onderwysers deur kleurlinge vervang, omdat die owerheid van die standpunt uitgegaan het, dat onderwysers dieselfde tradisies as die kinders behoort te hê. (2) Inspekteurs wys ook daarop dat die meeste kleurlinge die skool verlaat sodra hulle standerd IV bereik het, en dat dit onwys is om hulle dieselfde leerplanne as die blankes te laat volg. Daar is voorgestel dat meer gebruik van onderrig in handwerk gemaak behoort te word. (3) In 1939 het die Transvaalse Onderwyskommissie 'n soortgelyke aanbeveling gemaak op grond van die feit dat baie van die kleurlinge spesiale handvaardigheid aan die dag lê. (4) Die Transvaalse Onderwysdepartement beveel ook aan dat inspekteurs onderwysers op kleurlingskole behoort aan te moedig om hersiene werkskemas op te stel met die oog daarop dat die meerderheid van die kleurlingkinders net 'n klein rukkie op skool is. (5)

'n Aparte onderwys vir kleurlinge het dus alhoemeer

---

(1) Verslag: Transvaalse Onderwysepartement, 1941, 25.

(2) Verslag: Transvaalse Onderwysdepartement, 1923, 59.

(3) Ibid., 140,

(4) T.P. No. 5 - 39, par. 849.

(5) T.E.D. E31/50 Circular Minute to Inspector, No.43 of 1940, d.d. 17. 8. 1940.

die gedagte gaande gemaak. Hoewel daar aan die einde van die tydperk onder bespreking, nog nie veel in hierdie rigting gevorder is nie, het die besef vinnig begin posvat. „Ons glo dat hy rasbewus gemaak kan word indien die beginsel van apartheid in die onderwys, net soos in sy kerklike lewe, streng toegepas word." (1)

Op skoolgebied was die Indiërs as nie-blanke ras ook geskei van die blanke. Indiërkinders het in die begin van die tydperk onder bespreking skole vir kleurlinge bygewoon. Mettertyd het hulle ook hulle eie skole gekry en is blanke onderwysers sover moontlik deur Indiëronderwysers vervang.

5. Samevatting.

In teenstelling met die Kaapprovinsie het Natal, Vrystaat en Transvaal in 1910 reeds aparte skole vir blank en nie-blank gehad. Die Kaapprovinsie het eers in 1921 hierdie stadium bereik. In Natal het die liberalistiese beskouinge nie so 'n diep inslag gevind, soos in die Kaapprovinsie nie, en in die twee Boere Republieke is die beginsel van apartheid ooreenkomstig Afrikanerbeskouing streng gehandhaaf. Die geval was dat laasgenoemde drie provinsies die weg van apartheid makliker kon volg as die Kaapprovinsie, wat nog steeds besig was om gesamentlike blanke-nie-blanke-skoolopvoeding te ontgroei.

Alhoewel die eerste stadium in die apartheidsontwikkeling bereik is, naamlik aparte skoolgeboue vir blank en nie-blank, was die vordering, wat die ander aspekte betref minder geslaagd.

Die tweede stadium, naamlik die moedertaal as vak en medium, het in die geval van die Bantoe redelike vordering gemaak. Aan die einde van die periode was dit heel duidelik dat die Bantoe belangstelling vir die onderwys in sy moedertaal begin koester.

Wat die kleurling en die Indiër betref, was die vordering minder gunstig. Eersgenoemde, omdat hy nader aan die

---

(1) Christelike-Nasionale Onderwysbeleid, Opgestel deur die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys, F.A.K.27

blanke staan as die Bantoe, en laasgenoemde omdat hy as vreemdeling in Suid-Afrika Engels as omgangstaal aangeneem het.

In die derde stadium, naamlik die interne beheer van die skool, wat insluit die bybringing van kennis en die opvoeding van die kind, waarmee die onderwyser as die belangrikste middel gemoeid is, is ook bevredigende vordering gemaak. Die blanke onderwyser wat nie dieselfde agtergrond en kultuur as die nie-blanke kind het nie, is in 'n groot mate geleidelik deur die nie-blanke onderwyser vervang.

Wat die inhoud van die skoolopvoeding betref, naamlik dit wat aan die kind onderwys moet word, was die vordering teleurstellend. Leerplanne wat verskil van die blanke s'n en wat ten doel gehad het 'n afsonderlike opvoeding van die nie-blanke, ooreenkomstig sy behoeftes en huislike agtergrond, is nie nagevolg nie. Die nie-blanke onderwyser was nie slegs agterdogtig daar teenoor nie, maar dit was so vaag dat hy in sy onvoorbereidheid en as gevolg van sy swak opleiding dit nie altyd kon begryp nie.

Dat daar wel lofwaardige pogings aangewend is om die apartheidsbeginsel te inplementeer, kan nie betwis word nie, maar die nodige stukrag, doelgerigtheid en samehorigheid het ontbreek.